

Sondag 24 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 8:1-15

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 8:9

Omdat Christus vir ons arm geword het, is ons nou ryk

Die Romeine wat die Joodse gebiede beset het, het 'n wrede bewind ingestel wat wydverspreide armoede en geweld teen die mense gebring het. In Jesus het die mense 'n koning gesoek wat sou kom om hulle uit die mag van die Romeine te bevry, en weer gesondheid en rykdom aan hulle sou bring. Hulle sou nie meer slawe van die Romeinse ryk wees nie, hulle sou nou gemaklik saam met koning Jesus leef!

Toe Jesus egter gekom het, bring Hy verlossing op 'n totaal ander wyse vir die lewe in die koninkryk van God. Nie meer moes mense veg vir posisie en mag nie, maar eerder mekaar se dienaars word. In plaas daarvan om rykdom op te gaar, sou hulle met vreugde aan almal gee wat nodig het. Eerder as om geregtigheid te soek vir oortreding, sou hierdie nuwe mense met vrygewigheid en vergifnis leef.

In sy lewe het Jesus gewys dat die manier waarop ons ons lewens fisies leef, ook daarna wys hoe ons geestelik ingestel is. Jesus self het dit uitgedra toe Hy Homself verneder het om as 'n armoedige baba in 'n stal gebore te word.

Dit is hierdie wonderlike genade wat Jesus getoon het waarvan die apostel Paulus in ons Skrifgedeelte skryf. As ons regtig besef hoe Jesus sy lewe geleef het, begin ons verstaan hoe ons as dissipels moet leef. Alhoewel Jesus as Koning groot mag en rykdom gehad het, het hy Hom neergebuig om 'n lydende dienskneg te word.

Al het ons welvaart en mag in hierdie lewe, moet ons ook neerbuig om diegene te dien wat anders as ons is – of selfs teen ons! In hierdie nederigheid is die gelowige nie magteloos nie – hulle is eerder op hulle magtigste en doelgerigste!

Sing: Psalm 48-1:1, 2

Ds. JPL van Jaarsveld (Vickus) (Krugersdorp-Wes/Magaliesburg)